

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
1 Junie 1973

Onderwerp: Die nood wat om vernuwing roep
Pinksterdiens

Lees: Jesaja 59 verse 1 tot 21

Teks: Jesaja 42 vers 18
Jesaja 59 verse 2, 13 en 18

Sing: Psalm 33 vers 11
Gesang 11 vers 6

“God se genade en God se veroordeling van die sonde gaan hand aan hand. Predikers is soms bang om sonde by die naam te noem en dit in die Naam van God te bestraf. Ander weer verkondig God se oordele oor die sonde sonder om in God se barmhartigheid te roem en die berouvolle sondaar te troos.

“Nee, die verkondiging van genade en veroordeling gaan saam. Die sondige mens moet ten alle tye weet dat dit God se wil is dat die sondaar hom sal bekeer en lewe; en dat hy God moet liefhê met sy hele lewe, siel en verstand.

“Die geestelike toestand van die kerk in hierdie tye is kommer wekkend. As ’n mens kyk na die onverskilligheid en oppervlakkigheid waarmee mense hulle verbintenis met die Kerk van Jesus Christus bejeën, kan jy nie anders as om besorg te wees nie. En as ’n mens met hierdie bekommernis na God gaan vir ’n oplossing, wys Hy deur sy Heilige Gees en Woord op die ware nood van ons lewens, naamlik die sonde. Dit is die siekte wat die mens se lewe ontspoor en in die pad staan van geestelike vernuwing.

“Wat is sonde? Die Westminster Belydenis definieer dit as: ‘enige gebrek aan en onderwerping aan, of oortreding van die wet van God.’ Eenvoudig gestel: Sonde is enigiets wat in stryd is met die wil en wet van God. Sonde is opstand teen God. Dit is ’n lewe van valse onafhanklikheid. Dit is om vir jouself te lewe, in stede van vir God.

“Die grond-oorsaak van die mens se rebellie teen God, was en is die begeerlikheid van die oog en die grootsheid van die lewe. Om te begeer wat God verbied, is om jouself bó God te stel.

“Sonde is om die doel van jou lewe te mis. Sonde is ’n mislukking om God se standarde na te volg.

“Broers en Susters, wat ons soms vergeet, is dat ons almal volgens bogenoemde kwalifiseer as sondaars. Jesaja het tereg gesê: ‘Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop’. (Jes 53:6)

“Die gevolge van sonde in ’n mens se lewe is katastrofies. Dit veroorsaak ontbering en afstomping.

“Jesaja skryf: ‘Hoor, julle dowes, en kyk, julle blindes, om te kan sien.’ (Jes 42:18) En tereg liewe Broers en Susters, want wie dood is in die misdade van sonde, is doof vir die Woord van God en blind vir die openbaring van God se liefde en die eise van God se koninkryk. Jesus Christus self het hierdie waarheid onderstreep toe Hy aan Nikodémus gesê het: ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.’ (Joh 3:3)

“Hoe dikwels probeer ons nie om ons ongeregtighede (sonde) goed te praat en te verdoesel nie? Sodoende word die gewete afgestomp, die wil verlam en die weerbaarheid teen versoeking afgetakel. Die geloofsoog wat met vertroue op Jesus Christus gevestig moet wees, word verdof. So mis ons die troos van God se beloftes; en verloor ons die vrymoedigheid om te getuig. Diesulkes hoor nie meer die roepstem van die Evangelie tot bekering nie en is doof vir die uitnodiging van God: ‘Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.’ (Matt 11:28) Hulle word blind vir die ramp waarop ’n onbekeerde lewe afstuur; blind vir die genadebewyse van God en die oogmerk van heil agter beproewing en teëspoed. Hulle word blind vir die sin van die lewe as gawe van God en verantwoordelikheid voor God.

“Die sonde is ontaarding: ‘die afval en verloëning van die HERE en afwyking van agter onse God; die uitspreek van verdrukking en oortreding, die opneem en uitstoot van leuentaal uit die hart.’ (Jes 59:13)

“Sonde is nie net ’n swakheid of siekte nie. Nee, sonde is afval en verval.

“Broers en Susters, hoe is ons maatstaf vir heiligheid en die normal geestelike lewe nie vervals nie? Daar is hoeveel mense wat die normale geestelike lewe van gelowiges as onnatuurlik beskou, daarmee spot en dit wil verneder. Hulle wil God se maatstaf vir ’n heilige en normale geestelike lewe by hul sondige praktyke aanpas. Daarom verbaas mens jou nie, dat jy onder sogenaamde lidmate ’n openbaring van

vleeslikheid en wêreldsgesindheid vind, sodanig dat hulle die dissipline van 'n lewe onder beheer van die Gees van God haat. Sommige erken sonder skroom dat hulle God nie ken nie. Ander sê uitdagend dat hulle God nie wil ken nie en nog minder wil dien. Nog ander leef asof God nie bestaan nie. Hulle steur hulle nie aan God nie. God is vir hulle dood en hulle is dood vir God.

“By ander is daar wel nog 'n verlange na God, maar in die oomblikke van toetsing verloën hulle die Meester - soos Petrus. By sommiges is daar slegs 'n gedaante van godsaligheid, omdat hulle nog nie die ware lewe by God ontvang het en hulle roeping en verkiesing vas gemaak het nie. Hulle innerlike vervreemding van God word geopenbaar in openlike afwykings weg van God af.

“Sonde affekteer die verstand. Groot menigtes leef onder die dwinglandy van hoogmoed, jaloesie en vooroordeel.

“Sonde affekteer die wil. Sommige is gebind met bande van dwelmmiddels en alkohol. Sommige wil nie hierdie dinge doen nie, maar hulle is magteloos om dit te laat staan. Hulle roep om vryheid, maar daar is skynbaar geen ontkoming nie. Onthou Jesus Christus het gesê: ‘En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.’ (Joh 8:32) Jesus is die Waarheid. Jesus kan vry maak.

“Sonde affekteer ook die gewete. Aan die begin mag 'n daad van sonde nog hinder, maar algaande verstomp dit die gewete en later pla dit nie meer nie.

“Broers en Susters, hoe vêr het hierdie afwykings nie al gevorder nie? Daar is mense wat die sonde in al sy liederlikheid doen en dit uitdagend en onbeskaamd propageer. Met kuisheid word die spot gedryf en die Christelike deug word as belaglik en verouderd voorgestel. Hierdie besmetting word weerspieël in elke nuusblad wat ons lees en nuusuitsendings oor die radio. Die mens het totaal ontaard.

“Soos sy vader Adam sou die mens in sy selfhandhawing graag glo dat hy die wêreld sonder God kan bou. Dit is die toppunt van sy ontaarding.

“In ons Christelike land is daar meer en meer wat skreeu: Weg met God; weg met die Bybel en weg met die kerk. Weg met Jesus in die opvoeding, politiek, akademie, sakewêreld, kuns en maatskappy. En wat van die draadsitters in die geledere van die kerk wat nie openlik kant kies nie?

“Sonde bring skeiding. Jesaja skryf: ‘... maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle

en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.’ (Jes 59:2)

“God bewaar wel sy kind ondanks sy ontrou en oortredinge. Maar dit neem nie die feit weg nie, dat ons sonde ons van die HERE vervreem en verlies van gemeenskap met Hom meebring.

“Broers en Susters, dit is die ontaarding van sonde. Dit is die vrug van die anti-Christelike lewe. Die gelowige kan nooit hierin berus nie. Sonder versoening en vrede met God is hy aan die magte van vernietiging oorgelewer.

“Broers en Susters, is ons gebrek aan lewensvreugde, geestelike vrug en krag nie die bewys van ’n skeidsmuur tussen ons en die HERE nie?

“Is die geestelike veragtering by baie kerkmense nie die bewys dat ’n groot deel van die kerk uit voeling is met God nie?

“Sonde bring vergelding: ‘Volgens die daade, daarmee ooreenkomstig sal Hy vergelde’. (Jes 59:18) Dié vergelding tree reeds in hierdie lewe in werking: ontbering, ontaarding en skeiding is deel van die loon van die sonde. ’n Kerk kan nie sonde en ongehoorsaamheid verdra, sonder om self die loon daarvan te ontvang nie.

“Wie die sonde nie haat nie, moet homself ernstig afvra of hy wel ’n gelowige is. Só iemand moet besef dat sonder bekering en die vrug van ’n vernude lewe, sy lewe afstuur op vergelding en ewige skeiding van God.

“Wie voor hierdie gewisse moontlikhede terugdeins, moet hom met ’n besliste besluit tot Jesus wend vir vergifnis en lewensvernuwing. Vra die HERE om dit te doen, want dit is die HERE wat bekeer en vernuwe.

“Wie vanaand sy toestand van verflentering, armoede en ontbering in die vêr land van sonde besef, moet nou opstaan en die eerste tree gee op die pad terug na die wagtende Vader, wat bereid is om te ontvang, vergewe en te vernuwe.

“Amen.”